

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

S T U D Y

You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexamapers.co.za



SA EXAM
PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African





Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Iseba leMfundu
Provincie van die Oos-Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabeis: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2025

**EKONOMIE V2
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 18 bladsye.



SA EXAM PAPERS

Proudly South African

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- | | | | | |
|---------|----|-----------------------|---------|------|
| 1.1.1 D | ✓✓ | (langtermyn) | | |
| 1.1.2 A | ✓✓ | (duopolie) | | |
| 1.1.3 B | ✓✓ | (produktief) | | |
| 1.1.4 D | ✓✓ | (ekonomiese wins) | | |
| 1.1.5 A | ✓✓ | (Nie-prys kompetisie) | | |
| 1.1.6 B | ✓✓ | (Ontbrekende market) | | |
| 1.1.7 C | ✓✓ | (niemerietegoedere) | | |
| 1.1.8 C | ✓✓ | (Private koste) | (8 x 2) | (16) |

1.2 PASITEMS

- | | | | | |
|---------|---|--|---------|-----|
| 1.2.1 E | – | Waarde van insette wat deur entrepreneurs besit word en in produksieproses gebruik word ✓ | | |
| 1.2.2 H | – | Hoe 'n mark georganiseerd is ✓ | | |
| 1.2.3 A | – | 'n Kontanttoelaag wat aan 'n produsent gegee word om die koste van produksie te verlaag ✓ | | |
| 1.2.4 F | – | Die tydperk van produksie waar slegs die veranderlikes produksiefaktor kan verander ✓ | | |
| 1.2.5 G | – | Reëling tussen besighede met die doel om mededinging te beperk ✓ | | |
| 1.2.6 D | – | Voordeel verkry deur 'n derde party wat nie by die markprys ingesluit is nie ✓ | | |
| 1.2.7 C | – | Ontleding deur die regering vir 'n projek gedoen om te bepaal of dit uitgevoer moet word ✓ | | |
| 1.2.8 B | – | Die hindernisse tot toetrede is nie ekonomies van aard nie ✓ | (8 x 1) | (8) |

1.3 GEE EEN TERM

- | | | | | |
|--|---|--|---------|-----|
| 1.3.1 Prysnehmer | ✓ | | | |
| 1.3.2 Heterogeen | ✓ | | | |
| 1.3.3 Maatskaplike voordeel | ✓ | | | |
| 1.3.4 Kartel | ✓ | | | |
| 1.3.5 Prysleierskap | ✓ | | | |
| 1.3.6 Positiewe eksternaliteite/ Eksterne voordele | ✓ | | (6 x 1) | (6) |

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem TWEE tipes koste wat gebruik word om die totale koste van 'n onderneming te bereken.**

- Veranderlike koste ✓
 - Vaste koste ✓
- (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe kan die regering die ooraanbod van niemerietegoedere verminder?**

- Die regering kan belasting op hierdie produkte verhoog ✓✓
- Die regering kan opvoeding gebruik om produksie van niemerietegoedere te verminder ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (1 x 2) (2)

2.2 DATARESPONS

2.2.1 **Noem enige EEN manier waarop die bogenoemde restaurante hul etes kan differensieer.**

- Bied verskillende spyskaart aan ✓
- Tema-etes vir kinders ✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (1)

2.2.2 **Noem die wins wat deur 'n monopolistiese mededinger op die langtermyn gemaak word.**

Normale wins ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortlik die konsep *monopolistiese mededeling*.**

Verwys na 'n markstruktuur met baie kopers en verkopers waar toegang relatief maklik is, maar die produk is gedifferensieerd. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

2.2.4 **Verduidelik kortlik *nieprys-mededeling* as 'n kenmerk van monopolistiese mededeling.**

Mededeling is nie op pryse gebaseer nie, maar eerder op faktore wat met die produk se uniekheid verband hou. ✓✓


(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

- 2.2.5 Waarom sal die eienaars van die restaurante op lang termyn nie ekonomiese wins maak nie?**
- Op kort termyn, wanneer daar 'n paar restaurante is, kry hulle dit reg om ekonomiese winste te maak, ekonomiese winste lok meer besighede om die mark te betree ✓✓
 - Besigheid sal met mekaar meeding en dit sal tot 'n toename in mededinging en ekonomiese winste lei ✓✓
 - Restaurante kan hul produkte anders begin bemark en merk en hul normale winste behou om te verhoed dat hulle die mark verlaat ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord.) (4)

2.3 DATARESPONS

- 2.3.1 Identifiseer die winsmaksimeringspunt in die grafiek hierbo.**
- Punt e ✓ (1)
- 2.3.2 Waar word die markprys bepaal?**
- P ✓ (1)
- 2.3.3 Beskryf kortliks die konsep *monopolie*.**
Monopolie verwys na een verkoper van 'n goed of diens waarvoor daar geen naby plaasvervangers is nie. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoorde.) (2)
- 2.3.4 Verduidelik hoe nieprys-mededinging as 'n hindernis vir toetrede tot 'n oligopolis optree.**
- Nieprys-mededinging verhoog die koste van produksie en dit maak dit duurder vir nuwe firmas om die bedryf te betree. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoorde.) (2)
- 2.3.5 Waarom het oligopoliste aansienlike beheer oor pryse?**
- Oligopoliste gebruik hul ekonomiese winste om nuwe produkte te verbeter en te ontwikkel en hulle is in staat om hul produkte te onderskei. ✓✓
 - Handelsmerke stel oligopoliste ook in staat om aansienlike beheer oor pryse te hê omdat verbruikers aan hul handelsmerke lojaal word. ✓✓
 - Oligopoliste verkoop gedifferensieerde produkte en dit stel hulle in staat om hul produkte te adverteer en ook verbruikers te beïnvloed. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoorde.) (Enige 2 x 2) (4)

2.4 Met behulp van 'n grafiek, verduidelik die ekonomiese verlies as 'n korttermyn-ewewigsposisie onder perfekte marktoestande.



- Gegewe die markprys van P_3 , word verlies geminimiseer waar $MI = MK$ by punt E_3 . ✓✓
 - Dit vind by 'n hoeveelheid van H_3 plaas. ✓✓
 - By H_3 is die firma se gemiddelde inkomste (GI) per eenheid van produksie P_3 . ✓✓
 - Die gemiddelde koste per eenheid is C_3 wat hoër is as die prys P_3 ✓✓
 - Die firma maak 'n ekonomiese verlies per produksie-eenheid wat gelyk is aan die verskil tussen C_3 en P_3 . ✓✓
- Maks. 4 (8)

2.5 Waarom is die koste-voordeel-ontleding nodig vir openbare projekte?

- KVA word toegepas op hierdie projekte waar daar verwag word dat daar 'n beduidende verskil tussen maatskaplike koste en maatskaplike voordele sal wees. ✓✓
- KVA lei tot objektiewe besluitneming deur koste en voordele op te weeg. ✓✓
- Dit word gebruik om finale besluite te neem oor of die projek moet voortgaan of nie. ✓✓
- Dit sluit die wyer sosiale impak en eksternaliteite in die besluitnemingsproses in. ✓✓
- Daar is 'n afwesigheid van markseine om te ondersteun of die projek kan voortgaan of nie.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir 'n blote lys van feite.)

(8)

[40]

VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Noem enige TWEE kenmerke van 'n volmaak mededingende firma.**

- Produkte is homogeen ✓
- Groot getalle verkopers ✓
- Vrye mededinging ✓
- Geen voorkeurbehandeling ✓
- Doeltreffende vervoer ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

3.1.2 **Waarom is die vraagkromme van 'n individuele besigheid horisontaal?**

- Dit is omdat die individuele onderneming 'n prysnemer is en dit moet sy produkte teen markprys verkoop ✓✓
- 'n Individuele firma kan enige hoeveelheid verkoop teen die prys wat deur die markkrakte bepaal word ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

3.2 DATARESPONS

3.2.1 **Identifiseer 'n instelling wat beperkende sakepraktyke in die uittreksel hierbo ondersoek.**

- Mededingingskommissie ✓ (1)

3.2.2 **Noem die nasionale departement wat oor mededinging in Suid-Afrika toesig hou.**

Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DHNM) ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortlik die konsep Mededingingsappèlhof.**

'n Instelling wie se hooffunksie is om bevele wat deur die Mededingingstribunaal gemaak is te hersien en hierdie bevele te wysig of te bevestig ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.2.4 **Waarom stel die regering minimum pryse vas?**

- Die regering stel minimum pryse onder die markprys vas om goedere meer bekostigbaar te maak ✓✓
- Om armes groter toegang tot sekere goedere en dienste te gee ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.2.5 **Waarom gaan die regering voort met die projek al is die private koste groter as die private voordele?**

- 'n Diens is noodsaaklik vir die bestaan van die gemeenskap en voeg waarde tot die gemeenskap. ✓✓
- Wanneer 'n behoefte aan infrastruktuur nodig is, maar dalk geen voordele in terme van winste inhoud nie, bv. bou van 'n dam. ✓✓
- Befondsing van hierdie projekte word hoofsaaklik deur belastinginkomste gefinansier en verarm nie enige individu as sulk nie. ✓✓
- Die publieke goedere is nie-uitsluitbaar nie en niebetaalers/ saamryers kan nie uitgesluit word van die gebruik van gemeenskapsgoedere nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)



3.3 DATARESPONS

- 3.3.1 Verskaf 'n korrekte byskrif vir kromme D.**
Gemiddelde Veranderlike Koste ✓✓ (GVK) ✓ (1)
- 3.3.2 Identifiseer 'n sluitingspunt vanaf die grafiek hierbo.**
Punt A ✓ (1)
- 3.3.3 Beskryf kortlik die konsep *marginale inkomste*.**
Marginale inkomste is die bykomende inkomste wat ontvang word uit die verkoop van 'n bykomende eenheid. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)
- 3.3.4 Waarom maak die volmaakte mededinger ekonomiese wins by P_3 ?**
 - Ekonomiese wins word gemaak omdat gemiddelde inkomste groter is as gemiddelde koste ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)
- 3.3.5 Verduidelik hoe die aanbodkromme van 'n volmaakte mededinger bepaal word.**
 - Die aanbodkromme van die volmaakte mededinger in die grafiek begin vanaf punt A en skuins opwaarts van links na regs ✓✓
 - Die aanbodkromme van 'n volmaakte mededinger word bepaal deur die stygende deel van die onderneming se marginale kostekromme bo die minimum punt van sy gemiddelde veranderlike kostekromme ✓✓
 - Die rede vir die opwaartse helling is omdat die marginale koste toeneem soos uitset toeneem ✓✓
 - Die produsent begin produseer of verskaf vanaf die sluitingspunt en op die stygende deel van die MK-kromme ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2 x 2) (4)
- 3.4 Bespreek kortlik die doelwitte van die mededingingsbeleid.**
 - Bevorder die doeltreffendheid van die ekonomie deur die vorming van groot besighede te voorkom ✓✓
 - Voorsien verbruikers aan mededingende pryse en 'n verskeidenheid produkte ✓✓
 - Om indiensneming en sosio-ekonomiese welvaart te bevorder ✓✓
 - Stel KMK's in staat om aan die ekonomie deel te neem, bv. kontrakte aan klein besighede ✓✓
 - Moedig Suid-Afrikaners aan om aan wêreldmarkte deel te neem en buitelandse mededinging in Suid-Afrika te aanvaar ✓✓
 - Laat die voorheen benadeeldes toe om hul eienaarskap van besighede te vergroot ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (8)

3.5 Hoe kan die bestaan van volmaakte markte 'n impak op verbruikers en produsente hê?

Verbruikers

Positief

- Verbruikers kan voordeel trek uit volmaakte mededinging omdat hulle lae pryse vir hoë kwaliteit goedere en dienste sal betaal ✓✓
- Verbruikers sal 'n verskeidenheid produkte hê om van te kies ✓✓

Negatief

- Verbruikers mag dalk nie gelukkig is met identiese produkte nie, want die kwaliteit van een produk kan van 'n ander verskil ✓✓
- Daar sal geen keuse van produkte om te verbruik wees nie as gevolg van homogene produkte ✓✓ (Maks. 4)

Produsente

Positief

- Winste word gemaksimeer by die laagste punt van die GK-kromme wat laer produksiekoste vir produsente beteken ✓✓
- Geen diskriminasie tussen firmas nie aangesien die produkte homogeen is en pryse dieselfde is ✓✓

Negatiewe

- Maatskappye is prysnemers en kan nie kies waar hulle hul pryse langs die vraagkromme kan plaas nie ✓✓
- Firmas is nie in staat om ekonomiese wins op lang termyn te maak nie, want daar is geen hindernisse wat toetrede beperk nie en nuwe firmas betree die mark op lang termyn ✓✓ (Maks. 4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(8)
[40]

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

- 4.1.1 **Noem enige TWEE groepe werkers wat by minimum lone sal baat.**
- Huishulp ✓
 - Plaaswerker ✓
 - Gemeenskapswerkprogram (GWP) ✓
 - Leerlingskap ✓
 - Uitgebreide Openbare Werk-program (UOWP) (Enige 2 x 1) (2)

- 4.1.2 **Hoe bevoordeel homogene produkte verbruikers?**
- Verbruikers word gestandaardiseerde produkte gewaarborg omdat dit hulle in staat stel om by enige verkoper te koop ✓✓ (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.2 DATARESPONS

- 4.2.1 **Identifiseer die mark waarin die vraagkromme 'n afwaartse helling toon.**
Mark B ✓ (1)
- 4.2.2 **Wat is die aard van die produk wat in 'n volmaakte mark verkoop word?**
Homogeen/Identies ✓ (1)
- 4.2.3 **Beskryf kortlik die konsep gemiddelde inkomste.**
Die inkomste ontvang vir die verkoop van een eenheid van 'n produk ✓✓ (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)
- 4.2.4 **Waarom vind individuele firmas dit maklik om 'n perfekte mark te betree?**
- Daar is geen regulasies of beperkings om die mark te betree nie ✓✓
 - Versonke koste soos advertensie word laag gehou aangesien produkte reeds in die mark bekend is ✓✓
 - Minder kapitaal word benodig om die mark te betree ✓✓
 - Daar is geen hindernisse wat toegang beperk tot die mark nie (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)
- 4.2.5 **Bereken die marginale inkomste vir MARK B by hoeveelheid 2. Toon ALLE berekeninge?**

$$\begin{aligned} \text{MR} &= \frac{\Delta T I}{\Delta H} \checkmark \\ &(36-20) \div (2-1) \checkmark \\ &16/1 \checkmark \\ &16 \checkmark \end{aligned} \quad (4)$$

SA EXAM PAPERS



4.3 DATARESPONS

- 4.3.1 **Identifiseer EEN kromme wat met toedelingsdoeltreffendheid verband hou.**

Indifferensiekromme (IK) ✓ (1)

- 4.3.2 **Watter hoeveelheid rys sal geproduseer word indien 800 eenhede mielies geproduseer word?**

• 0 ✓ (1)

- 4.3.3 **Beskryf kortliks die konsep *industrie*.**

Al die besighede wat dieselfde produk in die mark verskaf. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

- 4.3.4 **Waarom is oligopolis huiwerig om teen pryse mee te ding?**

- Die oligopolis sal nie voordeel trek deur hul pryse te verander nie as gevolg van die geknikte vraagkromme ✓✓
- Wanneer hulle hul pryse verhoog, is die vraag sensitief vir 'n prysverandering ✓✓
- Wanneer hulle hul pryse verlaag, is die vraag nie sensitief vir prysveranderings nie ✓✓


(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

- 4.3.5 **Waarom word die produksie by punt D as ondoeltreffend beskou?**

- Minder goedere en dienste sal geproduseer word as gevolg van ondoeltreffende gebruik van hulpbronne ✓✓
- Goedere en dienste word nie op 'n optimalevlak geproduseer nie ✓✓
- As gevolg van ondoeltreffende gebruik van hulpbronne sal koste van produksie toeneem ✓✓
- Min werkgeleenthede sal geskep word wat tot laer lewenstandaard lei ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

4.4 Met behulp van 'n korrekte benoemde grafiek, verduidelik ekonomiese wins deur 'n monopolie gemaak.



Puntetoekening

$$\frac{W_4}{4} \text{ cffj} - \text{vffj} = 1$$

$$\frac{f^2}{4} \text{ s} - \frac{4 \text{ cffj}}{4} = 1$$

$$\frac{G^2}{4} \text{ c} - \frac{2 \text{ fffj}}{4} = 2$$

Maks. 4 punte

- Ekonomiese wins is wins bykomend tot normale wins gemaak ✓✓
- By punt C, $MK = MI$ en dit is waar winste gemaksimeer word omdat die produksiekoste van die laaste eenheid gelyk is aan die inkomste wat vir die laaste eenheid verdien het ✓✓
- Optimum hoeveelheid is H_1 op die horisontale as ✓✓
- Die markprys is P terwyl die koste van die vervaardiging van elke eenheid C op die vertikale as is ✓✓
- Ekonomiese winsgebied is area $PCLN$, en dit word deur die geskakeerde area verteenwoordig. ✓✓ (Maks. 4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(8)

4.5 Hoe beïnvloed samespanning die ekonomie negatief?

Samespanning sal die ekonomie negatief beïnvloed deur:

- Mededingendheid op lang termyn deur te verminder die BBP en indiensneming te verlaag ✓✓
- Prysvasstelling, marktoedeling en uitsetbeheer deur kartelle en prysleierskap toe te laat ✓✓
- Skaarste te skep om prysse te verhoog terwyl ondoeltreffende verskaffers ook beskerm word ✓✓
- Om gemeenskappe, verbruikers, besighede en selfs regerings te dwing om hoër prysse vir goedere en dienste te betaal ✓✓
- Verwrinking van ekonomiese markte en die vertraging van innovering omdat daar minder geld op navorsing en ontwikkeling spandeer word (Maksimum 2 punte vir blote lys en voorbeeld.)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 5

- Vergelyk en stel teenoor mekaar **TWEE** tipes markstrukture (monopolie en monopolistiese mededinging) in diepte. (26 punte)
- Waarom ondersteun die regering monopolieë? (10 punte)

INLEIDING

Enige mark wat nie aan al die kenmerke van volmaakte markte voldoen nie, word 'n onvolmaakte mark genoem. Dit is ook die geval met monopolieë en monopolistiese markte. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.) (Maks. 2 punte) (2)

LIGGAAM: HOOFDEEL**Vryheid van toegang**

Kenmerke	Monopolie	Monopolistiese
Aantal firmas in 'n bedryf ✓	'n Enkele verskaffer van firma bv. Eskom ✓ Daar is geen mededinging nie, een besigheid in die mark beheer die verskaffing van die goedere en dienste ✓	'n Groot aantal firmas of verskaffers ✓ bv. Nandos, KFC en Steers. Daar is 'n element van mededinging ✓
Aard van die produk ✓	'n Unieke produk word geproduseer ✓ Daar is geen noue plaasvervangers nie ✓ Die produk kan nie maklik vervang word nie ✓ Verbruikers het geen keuse in prys en kwaliteit van die produk nie ✓	Gedifferensieerde produkte ✓ Produkte is soortgelyk maar nie identies nie ✓ Hulle is dieselfde in die dat hulle die behoefté van die verbruiker bevredig ✓ Daar mag verskil in die verpakking wees maar die produk bly dieselfde ✓
Vryheid om in en uit die mark te beweeg ✓	Daar is hindernisse tot toetrede ✓ Toegang tot die mark is heeltemal geblokkeer ✓ Die hindernisse word deur patente en ander vorme van intellektuele eiendomsregte veroorsaak ✓	Maklike toetrede tot die mark ✓ Daar is volledige vryheid van toetrede tot en uitgang in die mark ✓
Helling van die vraagkromme ✓	Afwaartse skuins vraagkromme vir die firma ✓ en dieselfde kurwe vir die industrie ✓ dit is ook onelasties ✓	Afwaartse skuins vraagkromme vir die industrie ✓ en is elasties ✓
Beheer oor prys ✓	Die firma is 'n prysbepaler ✓ Die monopolis is in staat om die mark te beïnvloed deur die hoeveelhede te verander wat dit aan die mark verskaf ✓	Firmas het min beheer oor die prys ✓ Elke onderneming verkoop teen sy eie prys ✓ aangesien 'n enkele prys nie vir die gedifferensieerde produk bepaal kan word nie ✓



Relatiewe mark aandeel ✓	Totale mark behoort aan een firma ✓	Relatief klein deel van die totale mark ✓
Inligting ✓	Daar is perfekte kennis inligting is volledig ✓	Inligting is onvolledig ✓✓
Tegnies doeltreffendheid ✓	Moontlik ✓	Sluit ✓
Ekonomies verlies/ wins ✓	Hulle kan ekonomiese winste op kort en lang termyn maak ✓	Maak normale wins op lang termyn ✓ Ekonomiese wins op kort termyn ✓
Samespanning ✓	Nie relevant ✓	Nie moontlik ✓
Besluitneming ✓	Onafhanklik ✓	Dit word deur ander mededingers beïnvloed ✓
Voorbeelde ✓	Eskom ✓	Restaurante (Steers, Wimpy) ens. ✓
Toedelings- doeltreffendheid ✓	Daar is geen toedelings- doeltreffendheid nie. ✓	Gesluit. Daar is 'n mate van toedeling van hulpbronne volgens die smaak en voorkeur van die verbruiker. ✓

(Ken 'n maksimum van 8 punte vir subopskrifte toe)

- Antwoorde wat in die vorm van 'n tabel is:
 - Maksimum 8 punte vir subopskrifte
 - 1 punt elk vir die bespreking aan elke kant van die tabel en 'n maksimum van 2 punte as die antwoord aan beide kante korrek is
- Antwoorde waar 'n opstel in paragraafvorm geskryf word:
 - Maksimum 8 punte vir subopskrifte
 - 1 punt vir elke verduideliking (Leerders mag 'n tabel gebruik om hul antwoorde aan te bied)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

ADDISIONELE DEEL

Waarom ondersteun die regering monopolieë?

- Om die intellektuele vaardigheid en reg van die produsent te beskerm ✓✓
- Sommige produkte is baie gevaaarlik vir baie maatskappye wat die produk of diens vervaardig of verskaf, en daar moet 'n mate van aanspreeklikheid wees ✓✓
- Om die produsent te motiveer om met die vaardigheid voort te gaan, die maatskappy te laat groei en meer mense in diens te neem ✓✓
- Uit die ekonomiese winste wat gemaak word, kan die regering meer inkomste in terme van belasting kry ✓✓
- Om pryse laag te hou sodat verbruikers by lae pryse kan baat ✓✓
- Om die maatskappy te kan monitor veral as dit 'n noodsaaklike diens soos elektrisiteit lewer✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte hoëorde-antwoorde.)

('n Maksimum van 2 punte sal toegeken word vir blote lys van feite.)

Maks. 10

GEVOLGTREKKING

Beide markstrukture is geneig om ondoeltreffend te wees omdat onvolmaakte markte nie hulpbronne doeltreffend toewys nie ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante hoë orde gevolgtrekking.)

(2)

[40]

VRAAG 6: MIKRO-EKONOMIE

- Bespreek in detail staatsinmenging as 'n gevolg van markmislukking met relevante grafieke. (26 punte)
- Hoe doeltreffend was staatsbesteding om markmislukking aan te spreek? (10 punte)

INLEIDING

Markmislukking verwys na situasies waar die beste beskikbare hulpbronne of optimale uitkomste nie bereik is nie. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante inleiding.) (2)

Direkte beheer ✓

- Die regering kan kies om wette aan te neem in 'n poging om beheer en beperkinge op gedrag van besighede en individue te plaas, wat negatiewe eksternaliteite genereer ✓✓
- Die regering hef dikwels belasting op die produksie van alkohol en tabak ✓✓
- Dit word dikwels sondebelasting genoem ✓✓
- Advertensies deur die tabakbedryf is verbode en alkohol mag nie aan persone onder die ouderdom van 18 jaar verkoop word nie ✓✓
- Die regering kan van maatskappye vereis om toerusting teen-besoedeling te installeer wat giftige produkte skoonmaak voordat dit in riviere gestort word ✓✓

Onvolmaakte markte ✓

- Ondernemings wat in nie-mededingende markte werksaam is, maksimeer hul winste deur minder as die optimale hoeveelheid goedere of dienste teen 'n hoë prys te verskaf ✓✓
- Die regering kan die uitwerking van onvolmaakte markte hanteer deur: ✓✓
- Die firma se ekonomiese wins te belas ✓✓
- Die instel van prysbeheer (maksimeer prys), om sodoende die onderneming se ekonomiese wins te verminder en te verseker dat meer mense in staat is om die produk te verbruik ✓✓
- Die bekendstelling van 'n mededingingsbeleid om die vlak van mededinging tussen firmas te probeer te verhoog en om dit makliker te maak vir nuwe firmas om die bedryf te betree ✓✓
 - In Suid-Afrika het die regering die Mededingingskommissie, die Mededingingstribunaal en die Mededingingsappèlhof gestig om te verseker dat die vlak van mededinging nie geërodeer word nie, maar verhoog word ✓✓
- Om mededinging uit die buiteland toe te laat, deur die verwydering of verminderung van tariewe, om die skadelike praktyke van plaaslike monopolieë te beperk ✓✓

Regering se betrokkenheid by produksie ✓


- Regerings is self betrokke by die vervaardiging van goedere en dienste ✓✓
- Die regering se benadering tot ontbrekende markte is om goedere direk aan te bied ✓✓
- Belasting word verhoog om die voorsiening van sulke goedere te finansier ✓✓
- Gemeenskapsgoedere word gratis verskaf, byvoorbeeld verdediging, polisie en straatbeligting ✓✓
- Sommige kollektiewe goedere word teen 'n gebruikersfooi voorsien, soos vullisverwydering, afvalverwydering en rioldreinering ✓✓



- Die verskaffing van sommige ander kollektiewe goedere word gesubsidenteer, byvoorbeeld openbare vervoer en skoon water ✓✓
- Indien die makro-ekonomiese doelwitte van die regering nie bereik word nie, kan dit as markmislukking beskou word en kan die regering óf aan die vraagkant óf aan die aanbodkant ingryp ✓✓
- Aan die vraagkant kan die regering ingryp met makro-ekonomiese beleide, dit wil sê monetêre en fiskale beleide ✓✓
- Die aanbodkantbenadering fokus op die vermoë van die ekonomie en beleide wat poog om die voorraad, produksiefaktore en infrastruktuur uit te brei om die buigsaamheid van faktormarkte te verbeter ✓✓


Minimum lone ✓

- Wanneer die regering 'n minimum loon afdwing, beteken dit dat werkers 'n sekere loonbedrag betaal moet word en niks minder as dit nie ✓✓
- Die loonkoers is op L_1 vasgestel, die ooreenstemmende vraag en aanbod van arbeid sal wees H ✓✓
- Indien die minimum loon op L_1 vasgestel word, sal die vraag na arbeid van H na H_1 afneem ✓✓
- Meer mense sal hul arbeid as gevolg van die hoër loon aanbied ✓✓



Maksimum prys ✓


- Die regering stel 'n maksimum prys onder die markprys om goedere meer bekostigbaar te maak ✓✓
 - Maksimum prys gee die armes groter toegang tot sekere goedere en dienste ✓✓
 - 'n Maksimum prys word vasgestel op goedere soos basiese voedsel, behuising en vervoer ✓✓
- (Maks. 4 punte)



- Die markewewigsprys is P en die ewewigshoeveelheid is H ✓✓
- Die regering gryp in en stel 'n wet in dat brood nie meer as P_1 verkoop kan word nie ✓✓
- Maksimumpryse kan 'n tekort aan goedere veroorsaak maar dit verbeter die welvaart van verbruikers omdat goedere 'n laer prys het ✓✓ (Maks. 4 punte)

Minimum pryse ✓

- Die regering stel 'n minimum prys op 'n sekere punt bo die markprys vas ✓✓
- Dit stel produsente in staat om gemaklike wins te maak en moedig hulle aan om belangrike noodsaklike goedere te verskaf ✓✓



- Die markewewigsprys is P en die ewewigshoeveelheid is H ✓✓
- As die regering 'n minimum prys op P_1 stel, sal boere groter winste verdien en meer mielies verskaf ✓✓ (Maks. 4 punte)
- 'n Surplus sal betekenis dat die regering sal die ekstra mielies moet koop en dit plaaslik of in die buiteland moet stort ✓✓


SA EXAM PAPERS

Belasting en subsidies ✓**Heffing indien belasting**

- Die regering gryp in deur belasting te hef om die eksterne kostes te verhaal. ✓✓
- Hierdie belastings sal die prys verhoog en sal tot 'n afname in produksie lei ✓✓

Verskaffing van produsentesubsidies

- Die regering verskaf subsidies aan produsente om hulle aan te moedig om die produksie van goedere te verhoog ✓✓
- Produsentesubsidies word dikwels aan verskaffers van landbouprodukte soos koring en mielies gegee ✓✓
- Subsidies verlaag die koste van die vervaardiging van goedere en dus word die markprys van hierdie goedere verlaag ✓✓



- Die markprys van vleis is P en die ooreenstemmende hoeveelheid is H ✓✓
- Indien die regering die produksie van vleis subsidieer, sal die markprys daal tot P_1 met ooreenstemmende hoeveelheid H_1 ✓✓
- Die laer prys, P_1 laat armes toe om meer vleis te koop ✓✓

(Maks. 4 punte)

Herverdeling van rykdom ✓

- Die regering gebruik verskillende metodese om inkomste te versprei deur die verskaffing van gratis dienste, dienste in natura en kontantvoordele aan die armes ✓✓
- Die regering gebruik ook wette om herverdeling af te dwing, byvoorbeeld BGSEB, regstellende aksie, grondrestitusie, grondherverdeling en eiendomsubsidies (HOP-behuising) ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoorde.)

(Maksimum 8 punte vir blote lys.)

(Maks. 26) (26)

ADDISIONELE DEEL**Hoe doeltreffend was staatsbesteding om markmislukking aan te spreek?**

Staatsbesteding is effektief om markmislukking aan te spreek deur:

- Die oordrag van inkomste direk aan die armes soos kinderondersteuningstoelaes, werkloosheidsvoordele en sodoende inkomste-ongelykhede te verminder ✓✓
- Die verskaffing van goedere gratis byvoorbeeld gemeenskapsgoedere, onderwys, ens. en toegang tot basiese behoeftes aan alle burgers toe te laat ✓✓
- Die implementering van werkskeppingsprogramme wat vaardighede vir alle soort arbeid skep en verbeter ✓✓
- Besteding aan veldtogte wat die publiek sal inlig oor beleide en wetgewing wat hulle teen uitbuiting beskerm ✓✓
- Belegging in infrastruktuurontwikkeling soos paaie, spoorweë en kommunikasienetwerke as private sektor vind dit onwinsgewend of moeilik om te finansier ✓✓
- Regeringsingryping soos nuwe wette, tariewe, subsidies en handelsbeperkings
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Maks. 10 punte) (10)

GEVOLGTREKKING

Alhoewel die regering nie aan die aanbod van alle gemeenskapsgoedere kan voldoen nie, sal daar altyd 'n behoefte wees om die aspirasies van die hele samelewing te bevredig. ✓✓

(Aanvaar enige hoëerde gevolgtrekking.) (2)

TOTAAL AFDELING C:	40
GROOTTOTAAL:	150